BEUKES TOERE

Program: Namakwaland

15 - 21 Augustus 2024

Dag 1: Vertrek vanaf die **Suidkaap** met verskeie oplaaipunte tussen George en Mosselbaai. Oornag – **Langebaan** in 'n luukse gastehuis.

Dag 2: Vanoggend besoek on die **Weskus Nasionale Park** en reis dan verder na **Clanwilliam** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan.

Dag 3: Stap 'n draai deur **Ramskop Natuurreservaat**. Besoek **Leipoldt se graf** in die **Sederberge** en stap die kort stappie na **Soldaatkop**. Verken **Biedouwvallei** indien daar blomme is en 'n besoek aan die blommeskou in die NG Kerk is opsioneel. Die ou **Tronk Museum** is ook 'n besoek werd.

Dag 4: Reis vandag verder noordwaarts en by **Kammieskroon** draai ons by **Skilpad** in om die plate Namakwalandse daisies te bewonder. Pak later af by **Springbok,** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan.

Dag 5: Vanoggend verken ons die omgewing rondom Springbok met besoeke aan o.a. **Goegab Natuurreseervaat** en **Nababeep.** Laat-middag geniet ons 'n **skemerkelkie** by die asemrowende **Spektakelpas.**

Dag 6: Reis na **Nieuwoudtville** met sy kokerboomwoud, waterval en pragtige blomme. Oornag **Calvinia**, in die hartjie van die **Hantam.**

Dag 7: Keer huiswaarts.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer bevestig

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunt, alle toegangsgelde, ervare gids, goeie akkommodasie, fooitjies en luukse vervoer vir maksimum 16 mense.

Uitgesluit:
Middagetes en drankies

Prys: R15 000 pp wat deel. R2 450 Enkel bybetaling.

Kontak: Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za